

Woensdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 1 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 1:10, 11

God is Immanuel: God met ons, ter wille van diepgevalle sondaarmense

Jesus, gebore in 'n stal. Sy medelye met ons sonde het Hom na ons flenteraarde laat kom, maar ons wou Hom nie tussen ons hê nie, sê Johannes 1:11. Jesus het tussen mense opgetree wat Hom grootliks verwerp het. Die Bybel sê ons moet selfs vir vreemdelinge tyd en plek maak. Tog was die broederhaat van Jesus se eie volksgenote dikwels feller as xenofobie.

Die diep, skandalige verwerping was skreiend, want Hy het 'n hemelse heerlikheid agtergelaat om aarde toe te kom. Hy was medeskepper met die Vader, sê Johannes, maar dit alles gee Hy prys om vir ons verhongerde geslag as die ewige Brood geopenbaar te word in Betlehem, huis van brood. Min van ons aan die sondekant van die skeidslyn tussen God en mens begryp hoe groot sy liefde vir ons ploeterende sondaars is.

Jesus het gelyk geword aan veel minder as die slegste waaraan ons gewoon is. Gebore in 'n stal. Hy is die Een wat gevallenes, sondaars en uitgeworpenes na die Vader toe sou lei. Straatkinders met koerant-komberse sou Hom dalk vandag tussen hulle opgemerk het. Matteus en sy tollenaarvriende het sy teenwoordigheid waardeur. Die Fariseërs het Hom egter daarvoor verag (Matt. 9:11). Herodes maak van Hom 'n spotkoning. Jesus se eie volksgenote skree: "Weg met Hom!" In Jesus se verhoor sien ons geen basiese regverdigheid nie.

Hy het Homself verneder en in die gestalte van 'n mens aan ons mense gelyk geword (Fil. 2:6). Heidene en Samaritane was tuis aan sy voete en in sy hart. Toe sy dissipels kindertjies wou wegjaag, het Hy hulle nadergenooi (Matt. 19:4). Dit het Hy vir ons sondaars gedoen. Dit is waarom Hy Immanuel is: Jesus by ons, in elkeen van ons stukkende mense se sondebestaan.

Het jy elke dag plek vir Hom?

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3

Ds. KA (Anton) Jansen van Rensburg (Emeritus)